


# Skryf Kreatief!

## Kursusinligtingsbrosjure 2025

© 2025. SA Vryskutskrywer
☎ 074 296 3390
✉ info@savryskutskrywer.co.za
www.savryskutskrywer.co.za

## Skryf Kreatief!




Hierdie kursus is nommerpas vir jou as jy ...

- nie seker is in watter genre jy die lekkerste skryf of wíl skryf nie;
- graag jou skryfvermoëns op verskeie terreine wil slyp;
- reeds gedigte, stories, rubrieke of dramas skryf;
- sukkel om jou skryfpogings te voltooi;
- 'n gebrek aan selfvertroue ervaar wat jou verhinder om jou skryfwerk aan 'n uitgewer of publikasie te stuur;
- oortuig is daarvan dat jy 'n skrywer is, maar die regte leiding benodig; of sommer net vir die lekker jou kreatiewe sy wil koester, oefen of ontwikkel.

Die kursus is volgepak met lekkerte. Hoewel ons jou steeds die fynere kunsies in elke genre wys, lê die klem beslis daarop om jou skryfvermoë te slyp met BAIE praktiese skryfoefeninge. Hierdie is dus 'n kursus waarin jy van begin tot einde JOU stories sal skryf – met voldoende leiding van jou opleiers.

Kyk dus na onderstaande inligting en besluit waarvoor jy lus is of kans sien. Maar laat ons net aan die gang kom met jou skryfwerk!

Onthou ... die eerste hekkie is altyd die moeilikste om te oorkom, maar as jy eers daaroor is, is daar niks wat in jou pad na sukses staan behalwe jyself nie. Voltooi hierdie kursus en die pad na jou skrywersloopbaan lê oop voor jou.

Vryskutskrywer jou eenstop Afrikaanse skryfportaal

### Kursusbesonderhede

**Duur:** 5 maande
**Modules:** 5 modules
**Kursusfooi:** **R5,000**

| Afbetalingsopsies | R2,500 x 2 | R1,666 x 3 | R1,250 x 4 | R1,000 x 5 |
|---|---|---|---|---|

© 2025. www.savryskutskrywer.co.za




**Module 1: Kortverhale**
- Kenmerke en vereistes van 'n kortverhaal
- Karakterisering en karaktersketse
- Die funksie van die verteller
- Perspektief, dialoog en beskrywing
- Plot en intrige
- Skryf jou verhaal
- Redigering
- Publikasiemoontlikhede en -wenke

**Module 2: Poësie**
- Hoe om 'n gedig te ontleed
- Woordgebruik
- Poësietegnieke
- Waar en hoe vind jy inspirasie en idees?
- Die poësiebedryf ontleed
- Kopiereg
- Publikasiemoontlikhede en -wenke

**Module 3: Rubrieke**
- Wat is 'n rubriek?
- Vereistes van 'n rubriek
- Skryfwenke
- Kenmerke van 'n goeie rubriek
- Struktuur, lengte en formaat
- Publikasiemoontlikhede en -wenke

**Module 4: Vonkfiksie**
- Wat is vonkfiksie?
- 'n Klein idee
- Die geheim lê in die aanhef
- Waar begin die aksie?
- Hoeveel woorde?
- Fokus jou fokus
- Hou die leser aan die raai
- Verwysings as 'n kortpad
- 'n Kinkel in die stertkabel
- Vonkfiksiekompetisies en publikasiemoontlikhede

Vryskutskrywer jou eenstop Afrikaanse skryfportaal

**Module 5: Mini-Radiodrama**
- Dramaturgie en struktuur
- Karakterontwikkeling
- Dialoogskryf
- Verhaalstruktuur
- Toneelskryf en regieaanwysings

© 2025. www.savryskutskrywer.co.za

- Voorleggingskriteria
- SEO is belangrik
- Webplagiaat
- Maak geld met jou *blog*
- Van *blog* na boek

### Volledige studiepakket



- Omvattende kursusnotas (300 bladsye)
- 5 Praktiese skryfoefeninge (wat deur jou opleier nagesien word)
- EEN kortverhaal, EEN gedig, EEN rubriek, EEN vonkfiksieverhaal, EEN mimi-radiodrama wat persklaar is
- Volledige manuskripbeoordeling van EEN voltooide kortverhaal, EEN voltooide gedig, EEN voltooide rubriek, EEN voltooide radiodrama en EEN voltooide vonkfiksieverhaal *
- 'n Sertifikaat van Voltooiing na bevredigende afhandeling van die kursus




- Stylgids: ***Skryf korrekte Afrikaans met flair***
- **Markdatabasis** vir kortverhale, rubrieke en gedigte
- Spesiale verslag: ***Hoe om 'n gedig te ontleed***
- Spesiale verslag: ***Hoe om jou kortverhaal gepubliseer te kry***
- Spesiale verslag: ***Hoe om jou gedigte gepubliseer te kry***
- Spesiale verslag: ***Hoe om jou rubriek gepubliseer te kry***



### Toelatingsvereistes

- Goeie skryfvaardighede
- Rekenaargeletterdheid, e-pos en betroubare internettoegang
- Geen vorige tersiêre kwalifikasie word benodig nie

Vryskutskrywer
jou eenstop Afrikaanse skryfportaal



### Slaagvereistes

Minstens 65% vir elke module

* *Slegs VOLTOOIDE verhale word beoordeel*

## Loopbaanvooruitsigte




➢ **Kortverhale**

- **Verdienste:** Behalwe vir kortverhaalbundels wat gepubliseer kan word, kan 'n enkele kortverhaal in 'n tydskrif enigiets tussen R1,500 en R4,000 werd wees; in sommige gevalle selfs meer.

• **Volhoubaarheid:** Die vraag na goeie Afrikaanse fiksie sal heel moontlik nooit afneem nie, want behalwe vir die drukkersbedryf, is Afrikaanse aanlynpublikasies ook besig om te groei. Daar sal dus beslis nie ‘n tekort aan werk en publikasiemoontlikehede in die afsienbare toekoms kán wees nie.

Die oorskakeling vanaf kortverhaalskrywer na novelle- of romanskrywer is makliker omdat die basis van fiksieskryf reeds deur die kortverhaaldissipline gevestig word. Menige suksesvolle romanskrywer het met kortverhale aan tydskrifte begin en later, nadat hulle bekendheid verwerf het met ‘n roman of twee, aangehou om kortverhale te publiseer. Die Nobelprys vir Letterkunde is selfs in 2013 aan Alice Munro, ‘n kortverhaalskrywer, toegeken. Dit was die eerste keer in die prys se geskiedenis dat ‘n kortverhaalskrywer dié eer ontvang het. Dit het duidelik getoon dat ‘n kortverhaal sy eie regmatige plek in die wêreld van letterkunde verdien.

• **Verwante beroepe:** Romanskrywer, Draaiboekskrywer, Algemene Skrywer, Essayskrywer, Novelleskrywer.

## ➢ Rubrieke

• **Verdienste:** Die inkomste van 'n Afrikaanse rubriekskrywer per rubriek kan baie verskil, afhangend van faktore soos die medium waarin die rubriek gepubliseer word, die ervaring en reputasie van die skrywer, en die onderwerp van die rubriek. Hier is 'n oorsig:

- Tradisionele media (tydskrifte en koerante): R250-R3,000 per rubriek.
- Skrywers met ’n gevestigde naam, soos gereelde bydraers tot groot publikasies (Rapport, Huisgenoot, MaroelaMediaens.), verdien meer.
- Digitale media (webtuistes en blogs): R500-R2,000 per rubriek, afhangend van die lengte en kompleksiteit. Digitale platforms betaal soms minder as gedrukte media, maar hulle bied dikwels meer gereelde werk.
- Advertensie-inkomste (vir eie blogs): As jy jou eie blog bestuur, kan jy via Google AdSense of geborgde inhoud ‘n inkomste genereer. Inkomste hang af van jou leserstal en betrokkenheid, wat wissel van R500-R5,000+ per maand.

• **Volhoubaarheid:** Die moontlikhede is bykans oneindig want nie-fiksie en rubrieke sal altyd ‘n noodsaaklike onderdeel van die samelewing uitmaak.

• **Verwante beroepe:** Artikelskrywer; Essayis; In diepte-skrywer; Kortverhaalskrywer; Ondersoekende joernalis; Profielskrywer; Redaksieskrywer; Redakteur; Resensent; Romanskrywer; Skryfkonsultant; Skryfopleier; Skrywer; Spookskrywer; Toespraakskrywer; Vryskutjoernalis

© 2025. www.savryskutskrywer.co.za

## ➢ Poësie

• **Verdienste:** Ongelukkig is dit onmoontlik om 'n syfer aan poësieverdienste te koppel omdat daar nie 'n veralgemening gemaak kan word nie. Maar die uitgee van 'n bundel gedigte bied egter sy eie bevrediging – beide in kuns en finansieel – en die digter daarvan kan beslis 'n hele paar duisend rand in tantieme verdien.

• **Volhoubaarheid:** Daar is 'n magdom publikasiemoontlikhede vir gedigte op die internet sowel as deur middel van formele bundels. Van al die skryfvorme is poësie heel moontlik dié een waarin belangstelling nooit sal afneem nie. Baie mense is lief daarvoor om gedigte te skryf terwyl baie ander net so lief is om dit te lees. Die vraag en aanbod-kwessie werk dus simbioties. Ook is daar heelwat uitgewers wat spesifiek altyd op die uitkyk is na goeie poësiebundels.

• **Verwante beroepe:** Liriekeskrywer.

## ➢ Vonkfiksie

• **Verdienste:** Dit is moontlik vir 'n Afrikaanse skrywer om geld te verdien met vonkfiksie, al is dit 'n uitdagende mark. 'n Aantal moontlikhede sluit in:

- **Skryfkompetisies:** Baie Afrikaanse uitgewers en literêre tydskrifte hou kompetisies waar vonkfiksie-werke kan meeding vir kontantpryse. Pryse wissel van R500 tot R50,000, afhangend van die omvang van die kompetisie.
- **Digitale platforms:** Heelwat webwerwe betaal soms vir kortverhale en vonkfiksie, met tipiese tariewe van R300-R1,000 per verhaal, afhangend van lengte en gehalte.
- **E-boeke:** Skrywers kan versamelings van vonkfiksie saamstel en as e-boeke op platforms soos Amazon Kindle of Smashwords verkoop. Verdienste hang af van verkope en die grootte van jou gehoor.
- **Selfpublikasie:** Selfpublikasie stel jou in staat om 'n versameling vonkfiksie te skep en aanlyn of in fisiese formaat te verkoop. Verdienste wissel na gelang van die hoeveelheid boeke wat jy verkoop, maar goed bemarkte werk kan tot R50,000+ genereer.
- **Skryf vir spesifieke markte:** Afrikaanse vonkfiksie met spesifieke temas (bv. humor, romanse, of kultuur) trek 'n wye gehoor en kan meer kommersieel suksesvol wees.
- **Opdragwerk:** Korporasies of opvoedkundige instellings kan vonkfiksie bestel vir spesifieke projekte, soos advertensies of opvoedkundige materiaal.

• **Volhoubaarheid:** Die volhoubaarheid van vonkfiksie in Afrikaans hang grootliks af van die kreatiwiteit van die skrywers, die ondersteuning van die gemeenskap en hoe dit aangepas word vir hedendaagse platforms en gehore.

Vryskutskrywer jou eenstop Afrikaanse skryfportaal

• **Verwante beroepe:** Romanskrywer, Draaiboekskrywer, Algemene Skrywer, Essayskrywer, Novelleskrywer.

## Mini-radiodrama

• **Verdienste:** Algemene Tariewe: Sommige produksiehuise betaal per woord of per uur geskryf en die verdienste werk dan uit op sowat R1-R3 per woord, of R500-R1,500 per uur geskryf. Radiodramas in Afrikaans wat vertaal of aangepas word vir ander tale of markte, kan groter verdienste oplewer.

• **Volhoubaarheid:** Radiodramaskryfwerk in Afrikaans kan ’n winsgewende veld wees, veral vir skrywers wat saamwerk met nasionale stasies of aan projekte met ’n groter begroting werk. Hoewel die mark ietwat beperk is, bied aanvullende verdienste soos werkswinkels, kompetisies en aanpassings in ander formate verdere geleenthede.

• **Verwante beroepe:** Draaiboekskrywer, Advertensiekopieskrywer, Potgooiskrywer, Fiksieskrywer, Radioverslaggewer, Dramaturg.

Vryskutskrywer jou eenstop Afrikaanse skryfportaal

© 2025. www.savryskutskrywer.co.za